# ECHO OF HIS CALL

## EGGO VAN SY ROEP

AFRIKAANS

ECHO OF HIS CALL 1969-2019 GOLDEN JUBILEE

REACHING NATIONS

India's National Spiritual Newspaper

₹ 10/-

Published monthly in ENGLISH, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, KANNADA, MARATHI, BENGALI, GUJARATI, ODIYA, ASSAMESE, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINHALA & AFRIKAANS

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ | - In 16 Tale | *Mederedakteur:* BRO. WILLEM JACOBUS PRETORIUS

**Vol. XVIII** | **YEAR OF OUR LORD JESUS CHRIST, 2024 OCTOBER** | **No. 04**


**DIE HEILIGE SKRIF**

**SPREUKE 13:1-10**

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

1. 'n Wyse seun laat hom leer deur sy vader, 'n ligsinnige slaan nie eens op dreigemente ag nie.
2. 'n Mens kan voorspoedig word deur altyd die regte woorde te gebruik; onbetroubare mense is net uit op geweld.
3. Wie sy mond in bedwang hou, behou sy lewe; wie sy mond nie kan hou nie, gaan sy ondergang tegemoet.
4. Die luiaard se honger word nie gestil nie; hardwerkende mense het meer as genoeg om te eet.
5. Die regverdige haat leuens; die goddelose maak hom gehaat en veragtelik.
6. Die opregte bly behoue deur sy gehoorsaamheid aan die Here; ongehoorsaamheid laat die sondaar te gronde gaan.
7. Party mense hou hulle ryk maar het niks nie; party doen hulle arm voor maar besit baie.
8. Met sy rykdom moet 'n ryk man hom soms loskoop; 'n arm man kom nie in so 'n gevaar nie.
9. Die lewe van die regverdiges is vol vreugde; die lewenslig van die goddeloses word uitgedoof.
10. Selfverheffing lei altyd tot twis; dié wat goeie raad aanneem, het wysheid.

## ONS GEDAGTES MAAK SAAK: OORDENKINGS VAN DAWID!



*Geagte Hoofredakteur, Ds. Angeline Selvakumari*

Ek groet julle almal in die unieke Naam van ons Heer en Verlosser Jesus Christus!

Dit is vir my 'n groot vreugde om elke maand met ons tydskrif kontak te maak met die lede van ons **Echo of His call** se uitgebreide familie. Mag ons Heer ons steeds lei om sy doel te bereik in ons lewens en ons voor te berei vir sy koms.

Die waardige Benjamin Franklin, geag as die stigter van die Verenigde State, het gesê: "Geen beplanning is 'n plan vir mislukking." Dit is besonder treffende woorde. Beplanning is 'n kritieke deel van ons lewens.

Sommige mense is goed met beplanning en uitvoering daarvan. Ander beplan maar worstel om hul strategieë uit te voer. En nog 'n groep beplan niks en kies om maar te kyk hoe dinge verloop.

Nou wonder ek in watter kategorie jy val? Die Bybel herinner ons in Spreuke 19:21 - **Al maak mense hoeveel planne, wat die Here besluit, staan vas.**

*....verv. op.bls. 3*


**Echo of His Call**

***YouTube Christian Channel !***



**Jy sal die geleentheid kry om saam met Pr. S. Sam Selva Raj te bid!**

**Boodskap & gebed in 5 minute!!**

**Engels, Hindi, Tamil & Telugu**

**Elke dag – From 2.00 vm**

**Tamil Sondagdiens – 8.30 vm.**

*** Please Subscribe and Share ***

# ECHO OF HIS CALL - (1969-2019 GOLDEN JUBILEE YEAR)

## van julle geliefde broer...





**Ons Sendingopdrag**

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.


HON. EDITOR-IN-CHIEF
Rev. Angeline S. Kumari, M.A., M.Sc., M.Ed.
HON. MANAGING EDITOR
Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.
GENERAL MANAGER
Bro. N. Prakasam, M.A., M.Sc.(C&P), PGDHRM., MBA.
ADMINISTRATION
Sis. Jesy Veena Sam
Adv. K. Puratchivendan, M.Com., C.A., B.L.
Dr. P.E.R. Premchand, M.Sc., M.A., M.Ed., Ph.D.
Dr. C.G.S. Baburao, B.Tech., M.Tech. (DM), Ph.D.
Dr. Rabinder Boaz, M.S. (CMC)
EDITORIAL BOARD
Dr. Serena Bevin, M.A., M.Phil., B.Ed.
Sis. Sajini Cherian
Rev. Dr. K.R. Rajasekaran
EDITOR, PUBLISHER & PRINTER


Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street,
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98410 71852, 98412 71858 95661 31858
E.MAIL
sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in
WEBSITES
www.echoofhiscall.org
www.stpaulsmatriculation.com
YOUTUBE CHANNEL
Echo of His Call


**"Bly julle maar kalm. Die Here sal vir julle veg" – Eksodus 14:14**

Liewe Vriende,

Ons groet julle in die onvergelyklike Naam van ons Heer en Verlosser, Jesus Christus! Ons is tans besig om Pastoor S. Sam Selva Raj se outobiografie voor te berei. As die bedienings van **Echo of His Call** jou oor die afgelope 55 jaar geseën het, en as jy 'n besondere ontmoeting met ons Heer Jesus Christus gehad deur Pastoor Sam en sy bedienings, nooi ons jou graag om jou ervarings met ons te deel sodat ons dit kan insluit in die outobiografie. God sal jou seën!

Terwyl ons die einde van 2024 nader, vat ons hande met julle en betuig dankbaarheid aan God vir sy onuitspreekbare en onverklaarbare tydige hulp aan ons. By talle geleenthede het Hy julle gebruik om ons sending te ondersteun. Dieselfde God, Jesus Christus, is daar vir jou vandag, daarom kan jy in Hom glo en op Hom vertrou vir 'n wonderwerk in jou eie lewe.

Met hierdie uitgawe versoek ons dringend julle vurige gebede vir die volgende dele van ons bedienings:

- Ongeveer 75 persone is betrokke in die maandelikse uitgee van die **Echo of His Call** tydskrif in 16 tale. Hulle is verantwoordelik vir voorbereiding van boodskappe, tikwerk, vertaling, proeflees, uitleg, masjien drukwerk, vou, etikette, aflewering by die Poskantoor op spesifieke datums, en stuur van e-posse. Terwyl die bediening groei het die vyand hierdie broers en susters aangeval met siektes, gesinsprobleme en geldelike moeilikhede. Hou al 75 lede en hul gesinne in gedagte in julle gebede sodat God hulle sal ophef.
- Administratiewe uitdagings het erger geword weens werkers se gesindheid, regeringsbeleid en afname in geldelike ondersteuning van ons vriende. Baie huidige gelowiges word verlei deur voorspoed, vals leerstellings en die verleiding van die geesteswêreld, en dit lei tot nalatigheid teenoor opregte dienaars van God. Ons word ook geraak hierdeur, maar ons God bly getrou in sy sorg vir ons. Bid asseblief vir 'n verandering in hierdie opset.
- Ons kerke, Nehemia Bybelkolleges, Teologiese korrespondensiekursusse, Bybel korrespondensie (Bybelkor), Youtube bediening, **St. Paul Matrikulasieskool** en die drukpers funksioneer goed, maar hulle almal het geestelike en geldelike aanmoediging nodig.
- Ons benodig meer toegewyde werkers wat met ons kan saam werk in ons sendingvelde, kerke, drukpers, kantore, skole en Bybelkolleges.

- Dit is nogal uitdagend om nuwe studente te kry vir ons Hindi en Tamil **Nehemia Bybelkolleges**. Sommige leiers is weens verskeie redes huiwerig om hul jong manne na Bybelkolleges te stuur. Maar ons is deeglik in hul opleiding, oefening, versorging, en voorsien in al hul behoeftes voordat ons hulle terug stuur na hul onderskeie gebiede, sodat hulle hul bedienings kan volhou volgens hulle Goddelike roepings. Die studente wat ons opgelei het is nou soos skitterende sterre in die sendingvelde. Bid asseblief vir hierdie situasie.
- Ons beplan verskeie uitreik bedienings vir September, Oktober, November en Desember vanjaar. Ons vra dat julle sal bid vir beskerming tydens hierdie aksies.

Ons het groot waardering vir julle ondersteuning terwyl ons so saam bedien. Ons probeer om op al julle briewe en e-posse te reageer, ook vir al julle geldelike bydraes deur wissels, bank tjeks, oordragte, internet bank, G-Pay, ens. As julle nie ons terugvoer, kwitansies, of ons nuusbrief **Echo of His Call** binne 'n redelike tyd kry nie, kontak ons dan gerus by +91 98410 71858 or +91 98412 71858. Ons is hier om hulle te help.

Mag God julle ryklik seën.

Julle dienaars in Christus Jesus,
**PS. ALEX SAMSON SAM**
**PS. S. SAM SELVA RAJ**
(+91) 98412 71858 / 98410 71858,
Epos: sam@echoofhiscall.org

## VRIENDELIKE AANDAG: ECHO OF HIS CALL LESERS

Ons 5 minute **Echo of His Call** YouTube boodskappe word uitgesaai vanaf 2.00 vm. in Tamil, Telugu, Engels en Hindi (daagliks). Jy kan die genade van God ondervind deur daarna te kyk.

Nog meer, stoor my mobiele nommers (+91) 98410 71858, (+91) 98412 71858 (persoonlik) op jou selfoon.

- Pr. S. Sam Selva Raj

*verv. v. bls.1*

Ons kan baie planne maak vir ons toekoms – opvoeding, huwelike, kinders, loopbane, en bate versamel, ens. Ons dink en maak gedurig planne. Maar, uiteindelik kom die wil van God tot stand. Nog 'n Spreuk, 16:9 sê: **'n Mens beplan sy pad, maar die Here bepaal hoe hy loop.** In die Tamil Bybel is die begrip "beplan" vertaal as "'n man dink in sy hart," wat dan beklemtoon dat dit die Here is wat ons weë rig en bevestig.

Dink is 'n buitengewone gawe van God vir mense. Selfs sielkundiges bevestig dat gedagtes ongewoon kragtig is. Hulle dikteer ons aksies en emosies. Daarom leer die Bybel ons om ons gedagtes te bewaak, want wat ons daar inlaat vorm ons gedagtes, en dit beïnvloed wat ons sê en doen. So, om te dink is 'n belangrike deel van ons lewens.

Een gedagte het die vermoë om die gang van ons lewe te stuur. Kom ons ondersoek wat God van ons dink. Jeremia 29:11 sê: **"Ek weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester"** (AOV). God het nie sommer net planne nie; Hy het gedagtes oor ons, wat aandui dat Hy aktief aan ons dink! Kan jy jou dit indink dat die Skepper, die Een wat die wêreld se gebeure regeer, so graag aan jou dink? Hy bedink nie net my toekoms nie, maar ook die toekoms van my geslag. Dis 'n innige versekering om te weet ek glo in 'n God wat vir my omgee en aan my dink.

Ons leer ook in die Bybel: **"... my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, ..."** (Jesaja 55:8). Hoe so? Want hoe God na ons kyk en oor ons dink verskil heeltemal van hoe ons oor onsself dink en sien.

Kyk byvoorbeeld na Gideon in Rigters 6. Hy was besig om koring uit te slaan in 'n parskuip waar hy weggekruip het vir die Midianiete. Hy het nie die moed gehad om dit openlik te doen nie. Dit was hoe hy was. Maar kyk hoe het God hom aangespreek toe Hy hom daar besoek het: **'n Engel van die Here het aan hom verskyn en vir hom gesê: "Die Here is by jou, dapper man!"** (Rigters 6:12).

God het na hom verwys as 'n dapper man, maar Gideon het homself anders gesien en so gereageer: **"Ekskuus, Meneer, waarmee sal ek die Israeliete gaan red? Die familie waaraan ek behoort, is die armste in die hele**

**Manasse, en van my pa se kinders het ek die minste aansien."** (vers 15).

Gideon sien homself as die swakste en die minste, maar God sien hom as 'n dapper man wat bestem is om sy volk te verlos en die vyand te verslaan.

Dit is dikwels ons eie gedagtes wat ons voortgang



***Die Engel verskyn aan Gideon***

verhinder. Ons onderskat ons gawes en vermoëns en roeping wat vir ons gegee is, en dit lei daartoe dat ons nie ons goddelike roeping kan vervul nie.

## DINK VOORUIT

Daarteenoor tree sommige mense oorhaastig op, jaag hul eie planne na eerder as op vir God se tyd te wag. Dink aan Moses. Toe hy twee Israeliete sien baklei het hy die geveg probeer stop om hulle te help. Maar dit was nie Goddelike tydsberekening nie en sy poging om 'n twis op te los het toe nie goed geëindig nie.

## KRAGTIGE GEDAGTES

Ons gedagtes kan nogal kragtig wees; dit het sterk invloed op ons gedrag en emosies. Psigoloë erken hierdie invloed en daarom speel dit 'n belangrike rol in Kognitiewe Gedragsterapie (KGT). Gedagtes oorheers 'n belangrike aspek van ons lewens, daarom waarsku God ons in die Bybel om ons gedagtes (hart) op te pas. Wat jy in jou gemoed inlaat het groot invloed op hoe jy dink. Een misplaaste gedagte kan die hele koers van jou lewe ontspoor en jou weglei van God se plan en bedoelings vir jou.

## DAWID SE INSIGTE:

Dawid was 'n man wat God wou behaag en Hom in die middelpunt van sy lewe te hou. Saul het vir Dawid knaend gejag, maar God het hom nie uitgelewer aan Saul nie. Eerder, meer as drie keer het God vir Saul in Dawid se hand laat val. Maar, Dawid wou nie vir Saul aanraak nie, want "hy is die gesalfde van die Here." Dawid het Saul se posisie gerespekteer selfs al het Saul nie opgetree volgens sy Goddelike aanstelling nie.

Een keer toe Dawid na die versterkte stad Keïla toe gaan, het Saul dit gesien as 'n goeie geleentheid om Dawid daar te vang want hy sou nie kon ontvlug uit die sterk mure nie (1 Samuel 23). Maar God het hom gered. En weer, in 1 Samuel 26, het Saul weer amper vir Dawid gevang, maar God het hom gehelp ontvlug.

By 'n ander geleentheid, ook in hoofstuk 26, het Saul vir Dawid agtervolg, en Dawid het die kans gekry om Saul dood te maak, maar het toe gekies om nie God se gesalfde aan te raak nie. Deur al hierdie beproewings was God getrou in Dawid se lewe. Hoe erg Saul hom ook al probeer vermoor het, het God hom altyd beskerm. So staan die geskryf in 1 Samuel 23:14, ... **Saul het hom die hele tyd gesoek, maar God het hom nie in Saul se mag oorgegee nie.**

*....verv. op.bls. 6*

**NEHEMIA RESIDENSIëLE BYBELKOLLEGE, TSJENNAI**

Bid asb. vir

Medium : Hindi

Erken deur Internasionale Christenleiers & Senior pastore vir die afgelope 55 jaar

Diploma in Theology

Haas jou vir toelating!

Kwalifikasie: 10de Standerd (Graad 12) of hoër

Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.

Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858

E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org

✶ AANLYN KLASSE IS BESKIKBAAR ✶

GREAT COMMISSION PARTNERS
ECHO OF HIS CALL MINISTRIES SINCE 1969

# GROOT OPDRAG-VENNOTE

**OM TE DEEL** (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

## GEBEDSPUNTE - 2024 Oktober 19 Tot November 18

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

## Prys God vir ...

| | |
|---|---|
| Oktober 19 | ➲ Dat **Echo of His Call Bedienings** die Koninkryk van God kan bou ten spyte van hindernisse. |
| Oktober 20 | ➲ Vir seën oor ons **St. Paul Matrikulasieskool**, insluitend die hoof, personeel en studente. |
| Oktober 21 | ➲ Vir seën op ons bediening met toegewyde subredakteurs wat die **Echo of His Call Tydskrif bediening** ondersteun. |
| Oktober 22 | ➲ Vir sy seën in die aanwysing van 'n nuwe hoof vir ons **St. Paul Matrikulasieskool**. |
| Oktober 23 | ➲ Dat ons ons tydskrif kan druk met ons drukpers en uitgee in 16 tale, en dit versprei na die sending velde. |
| Oktober 24 | ➲ Vir sy beveiliging van ons **Echo of His Call Bedienings** se personeel en hul gesinne. |
| Oktober 25 | ➲ Dat Hy ons seën met getuienisse weens die 5 minute boodskappe deur ons **Echo of His Call YouTube** Media Bediening. |
| Oktober 26 | ➲ Ons is dankbaar vir die volgehoue werking van ons evangelie drukpers wat bedryf word deur toegewyde werkers. |
| Oktober 27 | ➲ Ons dank God vir sy guns oor ons Gebedsvennote, Ingeskrewe vennote, Geloofsvennote, Lewens vennote en Groot Opdrag-vennote en hul gesinne. |
| Oktober 28 | ➲ Ons waardeer sy voortdurende leiding in ons verskillende bedienings. |
| Oktober 29 | ➲ Ons vier die groei van ons **Bybel Korrespondensie Kursus** en **Teologiese Korrespondensie Kursus.** |
| Oktober 30 | ➲ Ons is dankbaar vir sy guns dat ons **Nehemia Bybelkollege** glad funksioneer. |
| Oktober 31 | ➲ Ons dank Hom vir sy seën oor ons sendingwerkers en hul gesinne. |
| November 01 | ➲ Ons waardeer ons Senior Pastoor se toegewydheid om die evangelie deur verskeie bedienings te bevorder. |
| November 02 | ➲ Ons vra sy seën vir die Mannebyeenkoms by ons hoof kerk. |
| November 03 | ➲ Ons is dankbaar dat Hy voorsien het vir al ons geldelike en geestelike behoeftes die afgelope maand. |

## Bid asseblief vir ...

| | |
|---|---|
| November 04 | ➲ Goddelike beskerming vir pastore en sendingwerkers oral in die wêreld. |
| November 05 | ➲ Die staking van oorlog en restourasie van eenheid en vrede tussen Oekraïne en Rusland. |
| November 06 | ➲ Seën en beskerming oor alle Christelike organisasies en kerke. |
| November 07 | ➲ Verheldering van hart vir alle gelowiges. |
| November 08 | ➲ Ons suster, Jesy Veena Sam Selva Raj, wat weer ongesteld is. |
| November 09 | ➲ Alle geestelike leiers oor die wêreld. |
| November 10 | ➲ Sy goedhartige leiding vir ons Senior Pastoor terwyl hy sy outobiografie skryf. |
| November 11 | ➲ Die werkers in ons sendingveld. |
| November 12 | ➲ Meer toegewyde werkers na ons **Echo of His Call** bedienings. |
| November 13 | ➲ Ons geldelike behoeftes, insluit end salarisse vir werkers, drukker benodigdhede, posgeld en vervoer in ons bedienings. |
| November 14 | ➲ Totale genesing vir dwelmverslaafdes en kwaaddoeners. |
| November 15 | ➲ Meer inskrywings vir ons **Global Vision for Youth and Kid Care ministry** om te bid vir die jeug en kinders in hierdie geslag. |
| November 16 | ➲ Eenheid tussen alle gelowe. |
| November 17 | ➲ Ons om die evangelie te kan bring na onbereikte gebiede. |
| November 18 | ➲ Sy goedgunstigheid oor ons leiers, regeringsamptenare en owerhede. |

*verv. v. bls.4*

Tog was daar 'n tyd in Dawid se lewe, soos soms by ons ook, wanneer ons lief is vir God, Hom vertrou en weet Hy is lief vir ons en sorg vir ons, in staat om meer as wat ons dink te kan doen, maar tog kruip twyfel in en laat ons slegte besluite neem. 1 Samuel 27 vertel so 'n interessante verhaal in Dawid se lewe, een van sy laagtepunte.

Dit begin so: "Dawid het by homself gedink ..." Skielik was hy bang dat Saul hom tog gaan inhaal en dat hy nie sal kan stand hou nie. Hy besluit toe om sy eie veiligheid en sy manne s'n te verseker deur aksie te neem. Hy gaan kruip toe weg by die Filistyne, gedagtig dat hy veiliger sal wees by die vyand as in die sorg van die Here.

Gedurende daardie tyd was Dawid toe baie voorspoedig. Waar hy ook al gegaan het, het hy oorwin. Hy het rykdom vergader, roem, mag en gesag, en alles gehad wat hy nodig gehad het en hy was 'n oorwinnaar.

Maar, ons kan dikwels sukses en seën verwar as geskenke van God. Selfs die satan kan rykdom, roem en voorspoed vir ons bring. Dis belangrik om te onderskei of dit van God kom of van die vyand. As 'n seën jou weglei van God af – soos werk of opleiding wat jou verhinder om kerkdienste by te woon of jou verhouding met God te verdiep – is dit tyd vir herwaardasie van jou prioriteite. Maak seker of dit wat jy geniet van God af kom.

Dawid was gelukkig en tevrede, het geglo al sy genadelose moorde was aangenaam vir God en regverdiging vir sy optrede. Maar, in daardie tyd het hy geen psalms geskryf nie! Ek glo dit was die fondament van sy gesindheid wat hom toegelaat het om sonder aarseling te moor. Die Bybel sê: "**Wanneer Dawid 'n gebied verower het, het hy geen man of vrou laat lewe nie. Hy het skape en beeste, donkies en kamele en klere buitgemaak.**" (1 Sam 27:9).

Hierdie gedrag het hom verander in 'n koudbloedige moordenaar, wat dit later maklik gemaak het om Batseba se man Urija te laat vermoor met 'n slinkse plan. En hy was nie skaam oor sy optrede nie, want die sade van sy gesindheid was lankal geplant tydens sy verblyf in Filistynse gebied, ver van God se teenwoordigheid en sy wil.

Hy het selfs sover gegaan as om teen Saul en die Israeliete te veg. In 1 Samuel 29 sê die bevelvoerder van die Filistyne: "Laat die man omdraai en laat hy teruggaan na sy plek toe wat jy vir hom aangewys het. Hy mag nie saam met ons in die oorlog optrek nie." Hulle het Dawid uiteindelik gestuit.

As jy begin op die glybaan van afvalligheid weg van God af word dit vinnig 'n steil afdraande. Dawid het vinnig gedaal. En die gevolge van sy dade was erg: Toe hy terugkeer na sy plek, was dit rot en kaal beroof. **Toe Dawid en sy manne op die derde dag in Siklag aankom, het die Amalekiete al klaar 'n strooptog onderneem teen die Suidland en teen Siklag. Hulle het Siklag verower en afgebrand. Hulle het die vrouens en almal daarin, groot en klein, as krygsgevangenes weggevoer. Hulle het niemand doodgemaak nie, maar almal gedwing om saam met hulle te gaan.** (1 Samuel 30:1-2).

Dawid het alles verloor, ook sy vroue en die lojaliteit van sy manne wat altyd saam met hom

NEHEMIA AAND-BYBELKOLLEGE, TSJENNAI

Bid asb. vir

HAAS JOU VIR TOELATING!

Medium : Tamil

Erken deur Internasionale Christenleiers &
Senior pastore vir die afgelope 55 jaar

Diploma in Theology

Kwalifikasie: 10de Standerd (Graad 12) of hoër

Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858
E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org

✶ AANLYN KLASSE IS BESKIKBAAR ✶

gegaan en geveg het. Vers 30 sê: **Dawid was in die nood, want die manne het daaraan gedink om hom met klippe dood te gooi**.

Dawid was heeltemal alleen, asof almal teen hom gedraai het. Hy het sy gesin verloor, sy beroep, sy roem en wat hy bymekaar gemaak het. Alles weg in een nag. Sy eie manne wou hom doodmaak. Daar was niemand om op te vertrou of sy probleme en gevoelens te deel nie.

Leierskap is dikwels 'n eensame belewenis. Wanneer alles glad verloop word 'n leier geprys, maar as dinge skeef loop is daar dikwels niemand teenoor wie hy sy persoonlike gevoelens kan deel nie. Dawid het ook alles verloor, soos sy manne, maar hy kon nie sy frustrasies deel of sy angs uitskree nie. Kan jy jou indink hoe sy gemoed geskud was?

Soms glo ons dis beter om bietjie weg van God af te wees. Maar God gee dikwels vir ons groot ruimte hiervoor omdat Hy so ongewoon innig lief is vir ons. Dit is bokant ons sondes en ongehoorsaamhede. Daarom het Hy alles in die hemel gelos en 'n eenvoudige mensgestalte aangeneem – om vir ons ewige lewe te gee.

**Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het, het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis.** (Filippense 2:6-8).


## Echo of His Call Postal Courses for candidates in India only

### 1. BIBLECOR

**Bid asb. vir**

Ons bied Korrespondensiekursusse aan oor Basiese Waarhede van die Bybel vir nuwe Christene en nie-Christene in Engels – 57 bladsye, Hindi – 76 bladsye & Tamil – 96 bladsye. Jy kry 'n kursusboek met die titel **New Life – For You! Na voltooiing van hierdie kursus sal jy 'n sertifikaat ontvang. Daar sal geen verpligte gelde wees nie. Jy sal geseën word!**

### 2. THEOLOGICAL CORRESPONDENCE COURSE

Advanced Distance Education called **Theological Correspondence Course** is available in English – 537 pages and Tamil – 652 pages for Pastors, Evangelists, Christian Leaders and for lay people who have passion to do God's Ministry! A fee of Rs. 1000/- is charged. 7 Books with 149 Chapters are supplied. **Certificate in Ministry** will be awarded. **God will bless you!**

***For more details, write to us.***

**The Chairman, Nehemiah Bible College,**

**Echo of His Call, Post Box 2957**, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005.
**Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell : 98410 71852, 95661 31858**
**E.mail : biblecor@yahoo.co.in**

## Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal wordinons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

### *Ons bankbesonderhede:*

**ABSA BANK : Echo of His Call Missions**
**BANKKODE: 334515**
**REKENINGNO: 905 129 1908**
**TAK: JEFFREYSBAAI**
**KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit**
**Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: miemie60h@gmail.com**
**SIS. ELBINA SMITH**
**Address : DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST, JEFFREYS BAY 6330.**

**Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer**



# PUT TOT PALEIS

(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)

"Wie dit lees moet dit goed begryp" Matteus 24:15

## WONDERLIK MAAR WAAR!

My seun Alex Samson en ek is eenkeer genooi om die Here se woord te bedien in 'n ander land. Die broer wat ons genooi het, het beloof om ons reiskoste te betaal. Die Here het ons na hierdie land gelei en die bediening was buitengewoon goed. Die Here het kragtig gewerk en baie mense vir Hom gered.

Aan die einde van die bediening het ons voorberei om te vertrek. Maar toe kon die broer nie sy belofte nakom om die reiskostes te betaal nie. Hierdie onverwagse wending het 'n lastige geldelike situasie geskep vir ons volgende reis. Tog was die opmerklik dat hierdie gebeure nie ons vrede gesteel het nie. Die Skrif verseker ons: **Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet ...** (Romeine 8:28). Hierdie vers het ons gerus laat wees.

Ons het die vliegkaartjies gekoop na die volgende stad, maar toe was ons sonder geld vir kos. Die vliegkaartjies was duur en die lugredery wou nie eers water voorsien sonder betaling nie. Ons het dus honger en dors verduur toe ons die bestemming bereik.

## Die mens kyk na die uiterlike, maar die Here na die innerlike. (1 Samuel 16:7).

Verstommend genoeg het nie ek of my seun enige bitterheid gehad teenoor enigiemand hieroor nie. Ons het nie die broer blameer omdat hy nie sy belofte kon nakom nie. Ons was maar net stil daaroor en nie besorg in ons harte nie. Eer aan God!

Met ons aankoms in die volgende stad is ons hartlik verwelkom deur God se kinders wat ons na ons rusplek geneem en ons uitsonderlik versorg het.

Die volgende dag het 'n broer ons besoek. Hy het 'n ruk lank met ons gepraat en toe 'n koevert oorhandig. Hy't gesê: **"Pastoor, God het my beveel om hierdie vir jou te gee vir nood-uitgawes."** In die koevert was meer geld as ons reiskostes. Ons was baie bly hieroor. Daardie broer en sy gemeente het ons goeie vriende geword. Wat 'n wonderlike verrassing! Ons het niks kort gekom nie. So het God ons sedertdien begelei.

Geliefde leser, sal jy ook kies om hierdie God te dien? **Selfs leeus ly gebrek en kry honger, maar wie die Here se hulp vra, kom niks kort van al die goeie dinge nie**. (Psalm 34:11). **Kom ondervind en sien self dat die Here goed is! Dit gaan goed met die mens wat by Hom skuil**. (Psalm 34:9).

************

---

Hy het aan die kruis gesterf om lewe en betekenis en doel vir ons bestaan te gee. En Hy kom weer om ons te beloon, en al wat Hy begeer is dat ons Hom sal liefhê en innig saam met Hom sal wandel.

Dawid het hom versterk in die Here! Die Bybel noem dat hy baie beangs was, maar ook dat hy hom in die Here versterk het. Sjoe! Uiteindelik het hy besef hoe ver hy van God weggedwaal het, en toe teruggedraai en sy krag is vernuwe. Hy het ontdek dat God sy enigste kragbron is wat hom kon help in sy hopelose situasie. Hy het verstaan dat God altyd daar is in tye van nood. Hy het God se teenwoordigheid gesoek en gevra wat hy nou moes doen, hoe vorentoe, en so sy afhanklikheid van die Almagtige gewys. Hierdie keer wou hy aangaan in die sterkte van die Here.

God roep nou na sommige van ons om na Hom te kom vir krag, bemoediging, vergifnis en herstel – om terug te kom na waar ons behoort te wees. Dawid het nie gehuiwer om in God se hande te val nie. Laat ons ook nie huiwer om net so te maak nie.

Die Bybel vertel dat toe Dawid teruggekeer het na God, **het hy alles weer teruggekry** (1 Samuel 30:18). Alles wat gevat was: gesin, geld, roem, status, vriende, besittings, rykdom. Stel jou dit voor, en nie net vir homself

nie, maar ook vir al sy manskappe. As ons op God vertrou sal Hy 'n weg vind waar ons dink daar is niks. Hy kan bonatuurlike deure oopmaak.

Dalk sien jy jouself in Dawid se skoene, en jy voel asof jy alles verloor het. Nou wonder jy of dit enigsins moontlik is om dit om te keer. "Wat is die kanse? Is ek alleen hierin?"

Geliefde broers en susters, onthou ons is nie alleen nie; hardloop net na die Vader toe, en Hy sal alles versorg tot ons voordeel.

Liewe vriende, Dawid het ver geval as gevolg van sy gedagtes. So, laat ons versigtig wees met wat ons dink. En onthou terselfdertyd dat ons God 'n genadige Vader is wat vir jou en my wag om terug te kom na Hom in sy ewige oop arms.

Sal jy gou terugkom na Hom toe?

*******

## BID ASSEBLIEF VIR ONS BEDIENINGE BY DIE HOOFKANTOOR

1. Gebedsdiens : 24 uur
2. **BYBELKOR -** Bybelkorrespondensiekursusse : Engels, Tamil & Hindi
3. **ECHO OF HIS CALL** - Maandblad: Engels, Tamil, Malayalam, Telugu, Hindi, Kannada, Marathi, Gujarati, Bengali, Odiya, Nepali, Assamees, Punjabi, Urdu, Singalees & Afrikaans.
4. Nehemia Bybelkolleges Drie) (Aand / Residensiëel)
5. Teologiese Korrespondensiekursusse: Engels en Tamil
6. Groot Opdrag-vennote (Netwerk van Pastore)
7. Opleidingsprogramme
8. Veldtogte
9. Literatuurverspreiding en Opvolg
10. Evangeliese Drukpers -- Publikasies
11. St. Paul's Matriculation School - Village English High School
12. Sondagskole : 8.30 vm. & 4.00 nm. Sondag
13. **Tamil dienste : 9.00 vm. Sondag**
14. **Hindi dienste : 4.00 nm. Sondag**
15. **Telugu diens : 5.00 nm. Sondag**
16. **Engels en Tamil diens : 6.00 nm. Sondag**
17. Vrouebiduur : 5.30 nm. Woensdag
18. Mannebiduur : 7.00 nm. Vrydag
19. Dissipelskapsbyeenkoms : 6.00 nm. Saterdag
20. Huisbyeenkomste : 6.30 nm. Dinsdae en Donderdae
21. Spesiale Heilige Nagmaal : 6.00 vm. Eerste dag van elke maand
22. Terugvoervergadering van dominees :5.30 nm. Eerste Saterdag
23. Gebedsgeleentheid vir ouers :4.00 nm. Eerste Sondag
24. Naggebed : 9.30 nm. Tweede Vrydag
25. Vastende Gebed : 9.30 vm. Derde Saterdag
26. Heilige Nagmaal : Tweede Sondagdienste
27. Jeug- / Kindergebede : 10.00 nm. daagliks
28. Personeelgodsdiens : 9.00 vm. daagliks
29. Kantoor : 9. 00 vm. tot 9.00 nm. (behalwe Sondae)

## A good opportunity to get Echo of His Call monthly magazine at free of cost

If you could send the addresses of your friends / relatives through post, letter, e.mail, WhatsApp or phone to us, we will dispatch **Echo of His Call** monthly magazine to them at free of cost.

## Kind Attention!

### PR. S. SAM SELVA RAJ'S AUTOBIOGRAPHY!

Ons is in die pylvak van die voltooiing en uitgee van Pastoor S. Sam Selva Raj se outobiografie in boekformaat. **Ons vra vir julle getuienisse wat tot 10 lyne kan beslaan en wat vertel hoe God jou geestelike groei geraak het deur hierdie bediening.** Ons sal dit ook waardeer as jy 'n foto kan gee om in te sluit in die outobiografie.

- Redakteur

RNITCNO.TNAFR/2007/21215, Postal Regn.No.TN/CH/(C)/127/22-24

## 'n Goeie geleentheid om Echo of His Call Maandelikse Tydskrif gratis te kry

As jy vir ons die adresse van jou vriende / familie stuur per pos of e-pos, Whatsap of bel, sal ons maandeliks vir hulle **Echo of His Call** gratis stuur.

## Bid asseblief

### ST. PAUL'S MATRICULATION SCHOOL

Die Engelse Christen-Hoërskool wat Echo of His Call bedryf vir arm en weeskinders. Ons het borge nodig vir 200 kinders @ R200 per kind. Ons vra borge. Jy kan jou donasies na ons bankrekeninge in Suid-Afrika stuur.

**Onderrig van Gehalte!**
**Geestelike opleiding!!**

**Van kleuteronderrig tot Gr.10**

Kontak:

**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005.**
Telefoon : (+91-44) 2852 8282
Sel : (+91) 98410 71852
E-pos : sam@echoofhiscall.org

## ECHO OF HIS CALL

**Maandblad in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Uitreike, Seminare, Maatskaplike Dienste, ens.**

**Jaarlikse intekengeld Rs. 100/-** **Lewenslange intekengeld Rs. 2000/-**

Die veelvuldige aktiwiteite van die **Echo of His Call Bedieninge** word ondersteun deur die vrywillige offers en donasies van God se kinders soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en ons aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en om kerke te plant.

As jy gereeld die **Echo of His Call** maandblad wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jy van posadres of e-posadres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webtuistes. Jy kan dit lees of op die webwerf gaan en dit aflaai en geseën word.

Julle briewe, gebedsversoeke en finansiële hulp (**Geldwissels, Tjeks of Aftrekorders, EO's, PayPal (Sam Selva Raj,** sam@echoofhiscall.org) **Tel.9841071858, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram** aan **Echo of His Call** kan asseblief gestuur word na die onderstaande adresse.

Stuur asseblief jou **landlyn/selfoonnommer** en **e-posadresse** vir opdatering.

**ECHO OF HIS CALL**

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858, 98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.stpaulsmatriculation.com

**JY KAN JOU DONASIES OOK AANLYN STUUR**

Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215
Postal Regn.No. TN/CH/(C)/127/22-24
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS / 1 Patrika Channel"
on 4th OCTOBER 2024
If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL
P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

## *JESUS HET JOU LIEF!*

To

*GOD SEËN JOU!*

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by **S. Sam Selva Raj** at **Echo of His Call Printers**, New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**